*Acta Academica 2007 39(2): 180-207*

*Corene de Wet*

# Die aard en omvang van bullebakkery in skole: strategieë vir die voorkoming van die probleem

Eerste voorlegging: Mei 2005

Daar bestaan 'n wanpersepsie dat bullebakkery deel van die grootwordproses is. Bullebakkery lei egter tot die skending van die slagoffer se menseregte. Dit het ernstige negatiewe gevolge vir die fisieke, emosionele, sosiale en opvoedkundige welstand van die slagoffer. Dit is dus belangrik dat weë gevind moet word om bullebakkery te voorkom. Die doel van hierdie artikel is om eerstens, teen die agtergrond van 'n literatuurstudie, verslag te doen oor 'n groep Vrystaatse leerders se belewinge as slagoffers, toeskouers en toehoorders van bullebakkery. Tweedens sal gelet word op hulle strategieë oor hoe om bullebakkery te voorkom. Uit die ondersoek blyk dit dat veral direkte en indirekte verbale bullebakkery 'n probleem in Vrystaatse skole is. Die handhawing van dissipline, 'n bewustheid van die aard en omvang van die bullebakkery, die vestiging van 'n omgeekultuur, asook leerder- en volwassenebetrokkenheid is belangrike elemente in die stryd teen bullebakkery.

## The nature and scope of bullying in schools: prevention strategies

It is a common misconception that bullying is part of the process of growing up. Bullying, however, leads to violation of the victim's human rights and has serious negative consequences for his or her physical, emotional, social and educational wellbeing. It is therefore imperative that ways and means be found to prevent bullying. The aim and purpose of this article is to report on the experiences of a group of Free State learners as victims, spectators and auditors of bullying. This will be done against the background of a literature study. Cognisance will be taken of their strategies concerning the prevention of bullying. The survey indicates that both direct and indirect verbal bullying are a problem in Free State schools. Important elements in the campaign against bullying include maintaining discipline; being conscious of the nature and extent of bullying; establishing a culture of caring, and involvement on the part of both learners and adults.

*Prof N C de Wet, Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur, Skool vir Opvoedkunde, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: dewetnc.hum@ufs.ac.za*

Leerders hoor dikwels dat hul ouers en opvoeders opmerkings soos die volgende maak:

> Might is right. It is good to be able to dominate others. To be dominated by others is shameful. You should never complain about ill-treatment by others. You should learn to take it. You should never sympathise with wimps. To be gentle and compassionate is to be weak (Rigby 1996: 80).

Dié opmerkings, wat impliseer dat bullebakkery deel van die grootwordproses is, word deur volwassenes vir wie leerders lief is en respekteer, geuiter. Dit het tot gevolg dat bullebakkery as aanvaarbare gedrag voorgehou word. Bullebakkery maak egter inbreuk op die kind se reg tot menswaardigheid, privaatheid, vryheid en sekuriteit. Bullebakkery het 'n invloed op die slagoffer se fisieke, emosionele, sosiale en opvoedkundige welstand. Fisieke gevolge sluit die volgende in: hoofpyne, bednatmaak, verlies aan eetlus, swak liggaamshouding en maagprobleme. Bullebakkery kan tot die volgende emosionele probleme by slagoffers lei: depressie, selfmoordneigings, gespannenheid, vrees, asook gevoelens wat geassosieer word met posttraumatiese stres — verwardheid, angstigheid, woede en hartseer. Sosiale gevolge van bullebakkery is onder andere sosiale isolasie en eensaamheid: slagoffers het probleme om met ander kinders en volwassenes te meng, en is/word baie skaam. Opvoedkundige gevolge sluit die volgende in: slagoffers is baie afwesig, onttrek hulle van sosiale aktiwiteite by die skool, is bang om vrae in die klas te vra, ervaar verlies aan konsentrasie, steek dit weg as hulle werk nie verstaan nie omdat hulle vrees dat hulle gespot sal word, en onderpresteer sodat hulle nie as té slim voorkom nie.[1] R a s sool (2002: 1) wys daarop dat ongeveer 16 kinders jaarliks in Brittanje selfmoord pleeg as gevolg van bullebakkery. In die VSA mis ongeveer 160 000 kinders daagliks skool uit vrees vir bullebakkery.

Die doel van hierdie artikel is om teen die agtergrond van voorafgaande probleemstelling en 'n literatuurstudie antwoorde op die volgende probleemvrae te soek: Wat is die aard en omvang van bullebakkery in Vrystaatse skole? Wat kan volgens Vrystaatse leerders gedoen word om bullebakkery teen te werk?

1 Cf Bully B'ware 2004: 4, Gordon 2003: 1-2, Vorster 2002: 29-32, Zeelie 2002: 281, Nkosi 2001: 80, Treml 2001: 112.

## 1. Aard en omvang van bullebakkery op skool

Navorsing oor bullebakkery in skole is meer as 30 jaar gelede vir die eerste keer deur Dan Olweus in Noorweë onderneem (Roland 2002: 55, Olweus 1994: 1). Uit die literatuurondersoek blyk dit dat bullebakkery nie net 'n probleem in Nordiese lande is nie, maar ook 'n probleem in onder andere die VSA, Noord-Ierland, Spanje, Duitsland, Nederland en Japan is.[2] Hoewel navorsing oor bullebakkery sedert die 1980's tot verskeie internasionale publikasies gelei het, is daar volgens Neser *et al* (2003: 1) weinig oor die onderwerp in Suid-Afrika gepubliseer. Uit die literatuurondersoek blyk dit egter dat daar sedert die begin van die een-en-twintigste eeu 'n groeiende belangstelling in Suid-Afrika in die onderwerp is.[3]

Olweus (1994: 9), die leidende figuur in bullebakkery-navorsing, definieer bullebakkery soos volg:

> A student is being bullied or victimized when he or she is exposed, repeatedly and over time, to negative action on the part of one or more student.

Die term "negative action" word soos volg deur Olweus (1994: 9) verduidelik: "a negative action is when someone intentionally inflicts, or attempts to inflict injury or discomfort upon another". Die negatiewe aksie kan verbaal plaasvind, byvoorbeeld deur iemand te dreig, te tart, te spot of te vloek. Dit neem ook die vorm van fisieke kontak aan wanneer iemand byvoorbeeld geslaan, gestamp, geskop en geknyp word. Dit is verder moontlik om sonder enige woorde of fisieke kontak iemand af te knou — deur gesigte te trek, lelike tekens te maak of iemand met opset te ignoreer (Olweus 1994: 9). Zeelie (2002: 280) definieer bullebakkery as "a deliberate, conscious desire to hurt, threaten and frighten s omeone". Volgens Maekoya & Dussich (2003: 2) vind bullebakkery plaas wanneer

> a specific student who is vulnerable receives physical and psychological pain from a peer(s) repeatedly over time, where there is a disproportionate amount of power between a weaker and stronger student.

2 Cf Collins *et al* 2004: 55, Treml 2001: 107, Limper 1998: 1, Olweus 1994: 14.

3 Cf Booyens 2003: 35-7, Bezuidenhout 2002: 28-35, Vorster 2002: 84-122, Nkosi 2001: 52-77.

Uit voorafgaande definisies blyk dit dat die volgende drie elemente altyd teenwoordig is by bullebakkery, naamlik die opsetlike gebruik van aggressie, 'n ongelyke magsverhouding tussen die bullebak en die slagoffer, en die veroorsaking van fisieke pyn en/of emosionele ellende.

Collins *et al* (2004: 55) tref 'n onderskeid tussen direkte en indirekte bullebakkery. Direkte bullebakkery sluit fisieke aggressie, kwetsende woorde en vernederende kyke en tekens in. Indirekte bullebakkery sluit ignorering, isolasie, verspreiding van skinderstories en die weiering van iemand se versoeke in. 'n Onderskeid kan ook tussen fisieke, afdreigende, emosionele, seksuele en verbale bullebakkery getref word.

Hoewel daar groot ooreenkomste tussen bullebakkery en ander vorme van aggressie is, het bullebakkery volgens DeHaan (1997: 1) die volgende onderskeidende kenmerke: Die bullebak tree doelbewus, eerder as toevallig op. Die doel van die afknouery is om beheer oor 'n ander persoon deur middel van fisieke of verbale aggressie te verkry. Gewoonlik loods bullebakke hulle aanvalle sonder enige werklike rede, behalwe dat hulle die slagoffers as maklike teikens sien. Bullebakke is gewoonlik gewilder onder hulle portuurgroep as kinders wat bloot aggressief is.

Die persepsie dat bullebakkery deel van die grootwordproses is, lei daartoe dat slagoffers onwillig is om hulle ouers en opvoeders te vertel dat hulle afgeknou word. Voorts blyk dit dat slagoffers weerwraak van die bullebak of selfs klasmaats, wat die onthulling as storie-aandraery sal sien, vrees. Indien die afknouery erg is of oor 'n lang tydperk plaasvind, is die slagoffers bang dat dit hulle ouers sal ontstel, veral as hulle dink dat hulle ouers nie in staat is om die situasie te verander nie. Kinders is soms onwillig om te erken dat hulle duur items of geld aan bullebakke gegee het. Ouers koester nie net akademiese nie, maar ook sosiale verwagtinge van hulle kinders, gevolglik is geviktimiseerde kinders wat verworpe en ongewild voel, onwillig om te erken dat hulle afgeknou word. In hul strewe na groter onafhanklikheid, voel adolessente dikwels dat hulle in staat behoort te wees om die probleem self te hanteer. Voorts is die kind-ouerverhouding en/of leerder-opvoederverhouding gedurende adolessensie dikwels gespanne en is kommunikasiekanale nie na wense nie (Besag 1991: 103-4). Voorafvermelde faktore het tot gevolg dat baie ouers en opvoeders onbewus is van die vlakke van bullebakkery waaraan hulle kinders en/of leerders blootgestel word. Uit onderstaande navorsingsresultate blyk dit dat bullebakkery 'n redelik algemene verskynsel is.

Volgens Bully B'ware (2004: 4) was 40% van alle kinders in die VSA al as óf slagoffers óf aggressors by bullebakkery betrokke. Noll (2002: 1) het bevind dat 25% van Amerikaanse leerders al slagoffers van bullebakkery was; 20% van leerders het ander leerders geviktimiseer. Uit 'n ondersoek oor bullebakkery in Japannese sekondêre skole deur Maekoya & Dussich (2003: 12) blyk dit dat 28% van Japannese sekondêre skoolleerders al slagoffers van bullebakke was, terwyl 19.7% al medeleerders geviktimiseer het. In 'n 1985-ondersoek oor bullebakkery deur die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles (Gordon 2003: 1), is bevind dat 7% van die jeugdiges wat aan die ondersoek deelgeneem het, medeleerders geviktimiseer het; 9% het aangetoon dat hulleslagoffers van bullebakke was. In 'n Noorweegse studie, waaraan 568 000 leerders gedurende 1983-1984 deelgeneem het, is bevind dat 9% van die deelnemers "nou en dan", "redelik gereeld" of "gereeld" slagoffers van bullebakkery was; 7% het hulle aan bullebakkery skuldig gemaak (Olweus 1994: 13). Volgens Limper (1998: 1) word een uit 12 sekondêre skoolkinders in Nederland "baie gereeld" of "gereeld" by die skool afgeknou. Neser *et al* (2003: 5) het bevind dat 60.9% van die 207 deelnemers aan 'n navorsingsprojek in Gauteng aangetoon het dat hulle gedurende die 2002-skooljaar geviktimiseer is. Colin Northmore van die Johannesburgse Sentrum vir Skoolgehalte en -verbetering (CSQI), wys daarop dat 90% van leerders by 'n Johannesburgse skool aan die CSQI gesê het dat hulle in die voorafgaande jaar slagoffers van bullebakke was (Stierhler 2002: 7).

Uit voorafgaande wil dit voorkom asof die omvang van bullebakkery van land tot land verskil. Die verskille kan onder andere aan die gebruik van verskillende meetinstrumente en definisies toegeskryf word. Dit is moeilik om 'n universele definisie vir bullebakkery te formuleer, want bullebakkery verskil van situasie tot situasie en van kind tot kind. Daar is byvoorbeeld 'n baie fyn skeidslyn tussen terg en verbale bullebakkery (Treml 2001: 107-8). Ten spyte van dié beperkinge wil dit voorkom asof kinders hier te lande en internasionaal in 'n mindere of meerdere mate aan bullebakkery blootgestel word. Omdat bullebakkery, soos reeds vermeld, inbreuk maak op kinders se reg tot menswaardigheid, privaatheid, vryheid en sekuriteit, is dit nodig om strategieë te vind om die euwel te bekamp. Om bullebakkery suksesvol te bekamp is dit noodsaaklik om te weet hoe die bullebak en sy/haar slagoffer lyk. Vervolgens sal daar dus gelet word op die eienskappe van die tipiese bullebak en slagoffer.

## 2. Eienskappe van die tipiese bullebak en slagoffer

Olweus (1994: 39-41) is van mening dat bullebakke dikwels in liefdelose huise grootword. Hulle sien feitlik elke dag hoe hul ouers baklei — aggressiewe gedrag word dus as normaal beskou. Bullebakke kom gewoonlik uit huise waar lyfstraf toegedien word en voorts word hulle dikwels deur hulle ouers afgeknou. Laasgenoemde lei tot 'n kettingreaksie: bullebakke knou ander af omdat hulle tuis deur volwassenes afgeknou word. Ouerbetrokkenheid en geborgenheid ontbreek. Bullebakke se ouers steun dikwels hul kinders se aggressiewe gedrag. Olweus (1994: 42) beklemtoon dat sosio-ekonomiese omstandighede van die familie, insluitend die ouers se inkomste, tipe behuising of peil van opvoeding, nie as bydraende faktore tot bullebakkery gesien moet word nie.

Uit die literatuurondersoek blyk dit dat bullebakke sekere eienskappe deel.[4] Bullebakke vertoon meer as die normale aggressiewe gedragspatrone. Hulle toon 'n begeerte om eweknieë te domineer, in beheer te voel en om te wen. Hulle het geen skuldgevoel as hulle ander seermaak nie. Hulle weier om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar. Bullebakke is dikwels fisiek sterker as ander lede van hulle portuurgroep. Bullebakke presteer dikwels swak. Deur ander af te knou, soek die bullebak erkenning, aangesien hy/sy nie op akademiese gebied uitblink nie. Die soeke na aanvaarding lei ook daartoe dat kinders deel word van 'n groep waarin afknouery aanvaarbare gedrag is. Die groep as geheel maak hulle aan bullebakkery skuldig. Hoewel sommige bullebakke 'n lae selfbeeld het, is ander weer verwende selfversekerde kinders wat reken di t is hulle reg om ander af te knou. Dit wil voorkom asof hulle plesier daaruit put om ander seer te maak. Voorts toon hulle min empatie met hulle slagoffers en regverdig hulle optrede deur te sê dat die slagoffers hulle uitgetart het. Bullebakke toon ook weinig respek vir volwassenes en besit die vermoë om hulleself uit moeilike situasies te praat.

Banks (1997: 2) noem die volgende eienskappe van slagoffers: Slagoffers is gewoonlik angstig, onseker en het 'n swak selfbeeld. Hulle verdedig hulleself selde wanneer hulle deur bullebakke gekonfronteer word. Van hulle het min vriende en het nie baie sosiale vaardighede nie. Hulle is dus sosiaal geïsoleerd. Slagoffers is dikwels na aan hulle ouers. Ouers

4 Cf Bully B'ware 2004: 4, Booyens 2003: 37, Vorster 2002: 18-9, Nkosi 2001: 79-80, Banks 1997: 2, Olweus 1994: 59-60.

neig ook om oorbeskermend te wees. Fisiek is hulle dikwels swakker/ kleiner as die portuurgroep. In aansluiting hierby noem Olweus (1994: 56-7) dat sommige slagoffers angstig, onseker en ongelukkig is. Van hulle het 'n swak selfbeeld en is nie in staat om hulleself fisiek en verbaal in hulle portuurgroep te laat geld nie. Hulle kom gevolglik beter met volwassenes as met lede van hul portuurgroep oor die weg. Elliot (1991: 4) noem dat slagoffers sensitiewe, intelligente en saggeaarde kinders is wat goeie verhoudinge met hulle ouers het. Omdat hulle uit huisgesinne kom waar daar weinig of geen bakleiery is nie, baklei hulle nie terug nie — dit maak van hulle ideale teikens vir bullebakke. Faktore soos gewig, kleredrag en die dra van 'n bril het volgens Banks (1997: 2) nie 'n invloed op bullebakkery nie.

## 3. Antibullebakprogramme

'n Belangrike voorveronderstelling van voorstanders van 'n antibullebakprogram — eerder as intervensie wat individueel georiënteer is om bullebakkery teen te werk — is dat bullebakgedrag onder beheer gebring kan word en geherkanaliseer kan word in meer sosiaal aanvaarbare gedrag deur die sistematiese herstrukturering van die sosiale milieu (Olweus *et al* 1999: 1). Die herstrukturering van die milieu moet volgens genoemde outeurs tot minder geleenthede vir bullebakgedrag en kleiner beloning (die aansien wat die bullebak onder medeleerders geniet) vir die bullebak lei. Voorts moet die herstrukturering tot die bevordering en erkenning van positiewe, vriendelike en prososiale gedrag lei.

Verskeie antibullebakkeryprogramme is beskikbaar. Dié programme het ten doel om leerders en opvoeders bewus te maak van die aard en omvang van die probleem, hulle te bemagtig om bullebakke en slagoffers te identifiseer en te ondersteun, en om bullebakkery te voorkom.[5]

Vir die ontwikkeling van 'n suksesvolle antibullebakprogram stel Olweus (1994: 66-7) en Mellor (1991: 96) die volgende voorvereistes: Erkenning: die opvoeders en ouers moet erken dat hulle skool 'n probleem met bullebakkery het. Openheid: die daarstelling van 'n atmosfeer waarin daar openlik gekommunikeer kan word. Eienaarskap: mede-

5 Cf Stevens *et al* 2001: 155-67, Treml 2001: 114, Guerin & Hennessy 1999: 1-5, Olweus *et al* 1999: 1-10.

eienaarskap van al die rolspelers is noodsaaklik om die suksesvolle implementering van die program te verseker. Enige antibullebakprogram moet 'n skool se geskiedenis en tradisies in ag neem. Dit moet voortbou op die skool se sterk punte en poog om erkende swak punte te herstel (Mellor 1991: 96). Mellor (1991: 96-101) stel die volgende stappe in die daarstelling van 'n antibullebakprogram voor.

- Stap 1: erkenning

Ouers wat kla dat hulle kinders afgeknou word, word dikwels meegedeel dat dit 'n geïsoleerde insident is of dat die skool nie in staat is om die probleem aan te spreek nie. Insidente van bullebakkery word volgens Mellor (1991: 97) dikwels doodgeswyg.

- Stap 2: ondersoek instel

Opvoeders, in besonder voorligtingopvoeders, is die aangewese persone om ondersoek in te stel na bullebakkery by skole. Sodanige ondersoek moet let na die omvang van bullebakkery, asook spesifieke aspekte soos om te bepaal watter ouderdomsgroep leerders hoofsaaklik by bullebakkery betrokke is of om die plekke waar bullebakkery algemeen voorkom, te identifiseer. Noll (2002: 3), Banks (1997: 3) en DeHaan (1997: 7) wys daarop dat anonieme vraelyste 'n uiters effektiewe wyse is om die omvang van die probleem by 'n individuele skool vas te stel.

- Stap 3: konsultasie

Om bullebakkery suksesvol te bestry, is die samewerking van alle rolspelers noodsaaklik. Om goeie samewerking te verkry, moet die rolspelers deur middel van konsultasie reeds by die ontwikkelingsproses van die program betrek word.

- Stappe 4 en 5: implementering, evaluering en modifisering

Dié stappe, saam met stap 3, is interafhanklike en deurlopende prosesse. Dit is veral belangrik omdat probleemareas kan wissel.

Soos reeds vermeld, is daar verskeie antibullebakprogramme beskikbaar. In hierdie artikel sal aan die hand van Olweus *et al* (1999:9) se antibullebakprogram op die kernelemente (Tabel 1) en rolspelers van so 'n program gelet word.

Tabel 1: Elemente van Olweus se antibullebakprogram

| |
|---|
| + + Kernelemente<br>+ Belangrike elemente |
| Algemene voorvereistes |
| + + Bewustheid en betrokkenheid van volwassenes |
| Maatreëls in breë skoolverband |
| + + Opnames deur middel van vraelyste |
| + + Skoolkonferensie oor bullebakkery |
| + + Effektiewe toesig gedurende pouses |
| + + Vorming van samewerkingsgroepe |
| + Samesprekings tussen ouers en opvoeders |
| Maatreëls in klasverband |
| + + Klasreëls wat bullebakkery verbied |
| + + Gereelde samesprekings tussen klasopvoeders en leerders |
| + Samesprekings tussen klasopvoeders en ouers |
| Maatreëls op individuele vlak |
| + + Ernstige gesprekke met bullebakke en slagoffers |
| + + Ernstige gesprekke met ouers van bullebakke en slagoffers |
| + Gebruik van inisiatiewe van ouers en opvoeders in die stryd teen bullebakkery |

Olweus *et al* (1999: 9)

Uit Tabel 1 blyk dit dat ouers, opvoeders, leerders (bullebakke, slagoffers en ander leerders) by die daarstelling van 'n antibullebakprogram betrek behoort te word.

# 4. Rolspelers in die stryd teen bullebakkery

## 4.1 Opvoeders en leerders

Opvoeders staan in 'n *in loco parentis*-verhouding met hulle leerders. Hulle is dus daartoe verplig om 'n veilige skoolmilieu vir die leerders te skep en moet soos sorgsame vaders na die veiligheid van leerders omsien (Netshitahame & Van Vollenhoven 2002: 313). In aansluiting hierby noem Morgan & Zedner (1992: 161) dat opvoeders waarskynlik die beste van alle persone geposisioneer is om die geviktimiseerde kind te identifiseer en te ondersteun. Dit is dus belangrik dat opvoeders gesensitiseer word om die uitwerking van bullebakkery raak te sien. Dit is vir Jones (1991: 18) belangrik dat opvoeders veral met jonger en nuwe leerders moet praat oor die moontlikheid dat hulle afgeknou kan word. Opvoeders moet nie die illusie probeer skep dat bullebakkery nie by hulle skool plaasvind nie.

Om bullebakkery te bestry, is positiewe opvoeder-leerderverhoudinge, wat gekenmerk word deur wedersydse respek en vertroue, noodsaaklik. Leerders moet vry voel om opvoeders in te lig as hulle afgeknou word of as hulle voorvalle van bullebakkery waargeneem het (Nkosi 2001: 81-2, Stephenson & Smith 1991: 141).

Bullebakke behoort te weet dat hulle gedrag nie die goedkeuring van opvoeders wegdra nie. Die kind moet egter weet dat dié afkeur teen sy/haar gedrag en nie teen hom/haar as persoon gerig is nie. Daar moet gepoog word om deur middel van volwasseleiding verantwoordelike gedrag by die bullebak te vestig (DeHaan 1997: 6, Stephenson & Smith 1991: 142). Dit is vir Bezuidenhout (2002: 2) belangrik dat bullebakke hulle gedrag moet verstaan en verantwoordelikheid vir die negatiewe gevolge van die gedrag moet aanvaar. Alles moontlik moet gedoen word om die selfvertroue, selfbeeld en sosiale vaardighede van nie net die slagoffers nie, maar van almal wat by bullebakkery betrokke is, te verbeter (Stephenson & Smith 1991: 142). Opvoeders sal professionele ondersteuning moet kry in die hantering van slagoffers en aggressors.

Uit die literatuur blyk dit dat opvoeders nie net reaktief nie, maar ook proaktief moet optree. Die geleenthede om ander af te knou moet dus so ver as moontlik beperk word. Opvoeders moet nie net pouses nie, maar ook tydens klaswisseling op die skoolterrein en in die skool-

gange beweeg. Probleemareas, byvoorbeeld badkamers, moet gereeld gepatrolleer word. Voorts moet leerders so min as moontlik sonder toesig in klaskamers gelaat word.[6]

'n Basiese voorveronderstelling van Olweus *et al* (1999: 8) se antibullebakprogram is dat die program deur opvoeders geïnisieer en bestuur moet word. Hierdie opvoeders moet 'n onverdraagsame houding jeens bullebakkery openbaar. Squelch (2000: 53) beskou 'n skool se gedragskode as 'n belangrike vertrekpunt in die stryd teen bullebakkery. Volgens haar is dit wenslik dat 'n skool 'n aparte bullebakbeleid as 'n addendum tot die skool se gedragskode moet hê. As alternatief stel sy voor dat 'n skool se antibullebakbeleid deel van die gedragskode vorm. Dit moet egter duidelik as sodanig geïdentifiseer kan word.

Nie net opvoeders nie, maar ook leerders het 'n uiters belangrike rol om te vervul in 'n skool se stryd teen bullebakkery. Leerders weet gewoonlik lank voor enige volwassene wie die bullebakke is en waar die bullebakkery plaasvind (Bully B'ware 2004: 9). Leerders sal tot groter hoogtes aan 'n antibullebakkeryprogram deelneem indien hulle betrek is by die beplanning en implementering van dié program.

## 4.2 Ouers

Omdat huislike omstandighede volgens Stephenson & Smith (1991: 142) as 'n kernrede vir bullebakkery gesien word, is dit belangrik dat hulle deur middel van ouer-opvoederverenigings en inligtingsbriewe op hoogte van die aard en omvang van die bullebakkery by hul kinders se skole gehou moet word. Hulle moet ingelig word oor die rol wat hulle kan speel om die skool se antibullebakbeleid te laat slaag. Dit is vir DeHaan (1997: 6) en Besag (1991: 103) belangrik dat positiewe kind-ouerverhoudinge gevestig word sodat slagoffers die vrymoedigheid sal hê om na hul ouers te gaan om hulp. Ouers moet nie huiwer om opvoeders in kennis te stel as hulle kinders afgeknou word nie.

Uit voorafgaande blyk dit dat opvoeders, ouers en leerders 'n skoolmilieu moet skep wat gekenmerk word deur 'n gevoel van geborgenheid en openheid, positiewe belangstelling en betrokkenheid. Voorts

6 Cf Banks 1997: 4, Elliot 1991: 4, DeHaan 1997: 6, Jones 1991: 18-9, Stephenson & Smith 1991: 139-40.

moet daar duidelike grense met betrekking tot onaanvaarbare gedrag gestel word. Teenoor diegene wat die grense oorskry, moet onmiddellik en konsekwent, in ooreenstemming met die skool se antibullebakbeleid, opgetree word.

## 5. Empiriese ondersoek

### 5.1 Navorsingsinstrument

'n Ondersoek is van stapel gestuur om vas te stel wat 'n groep Vrystaatse leerders se belewinge as slagoffers, asook toeskouers en toehoorders van bullebakkery was. Die navorsingsinstrument was die *Delaware Bullying Questionnaire* (State of Delaware [*s a*]). In Afdeling A van die gestruktureerde vraelys is biografiese besonderhede van die respondente bekom. In Afdeling B is vrae gevra oor die respondente se persepsies of bullebakkery 'n probleem by hulle onderskeie skole is al dan nie (Tabel 6), hulle ervaringe as moontlike slagoffers van bullebakke (Tabel 3); hulle waarnemings van fisieke en verbale bullebakkery (Tabel 4); en hulle persepsies oor hoe veilig hulle in sekere areas van die skool, asook op pad skool toe en terug, voel (Tabel 5). In Afdeling C is deur middel van 'n oop vraag gepoog om kwalitatiewe data te bekom oor respondente se sieninge oor hoe bullebakkery voorkom kan word. Dié vraag lui soos volg: "Wat kan gedoen word om skole wat 'n probleem met bullebakke het, veiliger te maak?" Dié vraelys is aangepas om vir die Suid-Afrikaanse situasie voorsiening te maak (vergelyk vrae oor die gebruik van taxi's as vervoermiddel). Die vraelys was in Engels en Afrikaans beskikbaar.

### 5.2 Die steekproef

Die universum het bestaan uit leerders verbonde aan sekondêre skole geleë in die Vrystaat. 'n Ewekansige steekproef van 60 skole is getrek uit 'n adreslys wat deur die Vrystaatse onderwysdepartement verskaf is. Seshonderd vraelyste, 10 per skool, is per pos versend. Van die teruggestuurde vraelyste was 339 (56.5%) geskik vir verwerking. Die gemiddelde ouderdom van die respondente, van wie 160 (47.2%) seuns en 179 (52.8%) dogters was, was 16 jaar en 3 maande. Tabel 2 gee 'n samevatting van die graadverspreiding van die respondente.

Tabel 2: Graadverspreiding van die respondente

| Graad | Seuns | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| 8 | 11 | 6.88 | 14 | 7.82 |
| 9 | 29 | 18.12 | 19 | 10.62 |
| 10 | 43 | 26.88 | 30 | 16.76 |
| 11 | 23 | 14.37 | 59 | 32.96 |
| 12 | 54 | 33.75 | 57 | 31.84 |
| Totaal | 160 | 100 | 179 | 100 |

## 5.3 Verwerking van gegewens

Respondente moes in respons op vrae wat in Tabelle 3, 4 en 5 opgesom is, van 'n Likert-tipe skaal gebruik maak. Respondente se response is vervolgens deur wiskundige berekenings bepaal. Voorts is die gemiddelde gradering van elke item bepaal en die rangorde is vasgestel. Respondente se antwoorde op die vraag of hulle van mening is dat bullebakkery 'n probleem by hulle onderskeie skole is (Tabel 6), is ook deur middel van wiskundige berekenings bepaal. 'n Groot aantal respondente, naamlik 277 (81.71%), het aan die versoek voldoen om strategieë aan die hand te doen oor hoe om skole wat 'n probleem met bullebakkery het, veiliger te maak. 'n Lys is saamgestel van al die strategieë wat genoem is. Sinonieme is saamgevoeg om die verskillende strategieë te kan benoem. So is 17 verskillende strategieë geïdentifiseer. Daar is bepaal hoeveel keer elke strategie aangedui is. Sodoende is 'n frekwensietelling vir elke strategie verkry (Tabel 7) (vgl Naoum 2002: 102-5 vir 'n bespreking van die kodering van responses op oop vrae).

## 5.4 Resultate

Tabel 3 gee 'n opsomming van respondente se ervarings as slagoffers van verskillende tipes bullebakkery in rangorde van die mees algemene tot die mins algemene tipe bullebakkery waaraan hulle blootgestel was.

Tabel 3: Respondente se blootstelling aan verskillende tipes bullebakkery

| Item | RO | GG | Vrae | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 2 | 1 | 3.54 | Hoe gereeld sê leerders by die skool of op die skoolbus/taxi vir jou gemene dinge (dinge wat jou gevoelens seermaak)? | 25 | 7.38 | 49 | 14.46 | 83 | 24.48 | 83 | 24.48 | 99 | 29.20 |
| 4 | 2 | 3.72 | Hoe gereeld versprei ander leerders gemene skinderpraatjies oor jou? | 26 | 7.67 | 35 | 10.33 | 56 | 16.52 | 113 | 33.33 | 109 | 32.15 |
| 1 | 3 | 4.20 | Hoe gereeld word jy deur leerders by die skool of op die skoolbus/taxi te lyf gegaan? | 12 | 3.54 | 26 | 7.67 | 24 | 7.08 | 48 | 14.16 | 230 | 67.55 |
| 3 | 4 | 4.27 | Hoe gereeld treiter ander leerders by die skool jou deur seksuele aanmerkings te maak wat jou ongemaklik laat voel? | 16 | 4.71 | 26 | 7.67 | 25 | 7.38 | 56 | 16.52 | 216 | 63.72 |
| 5 | 5 | 4.25 | Hoe gereeld betrek leerders jou nie by hulle aktiwiteite by die skool of op die bus/taxi nie met die doel om jou seer te maak? | 14 | 4.13 | 16 | 4.72 | 36 | 10.62 | 78 | 23.01 | 195 | 57.52 |
| 6 | 6 | 4.79 | Hoe gereeld word jy deur bullebakke gedwing om jou ete-/sakgeld, kos, koeldrank of snoeperye vir hulle te gee? | 5 | 1.47 | 5 | 1.47 | 10 | 2.95 | 15 | 4.42 | 304 | 89.67 |
| Gem | | 4.13 | | | | | | | | | | | |

RO = Rangorde; GG = Gemiddelde gradering
1 = Elke dag; 2 = Een of twee keer per week; 3 = Een of twee keer per maand; 4 = Een of twee keer per jaar; 5 = Nooit.

Uit tabel 3 blyk dit dat die respondente die meeste aan direkte en die tweede meeste aan indirekte verbale teistering blootgestel is. Slegs 29.2% en 32.15% van die respondente was nog nooit aan direkte en indirekte verbale teistering respektiewelik blootgestel nie. 'n Relatief groot persentasie respondente (32.45%) is al deur medeleerders te lyf gegaan; 38 van hulle is ten minste een keer per week deur medeleerders geslaan en/of geskop, gestamp en/of op 'n ander wyse fisiek seergemaak. Direkte, fisieke aggressie is dan ook die derde mees algemene vorm van bullebakkery waaraan die respondente blootgestel is.

Van die respondente was nie net slagoffers van bullebakkery nie; sommige van hulle het gesien en/of gehoor hoe medeleerders direk en/of indirek verbaal of fisiek afgeknou word (kyk Tabel 4).

Dit blyk uit die respondente se response dat min van hulle nog nie voorvalle van direkte verbale bullebakkery gehoor het nie (Tabel 4, item 2). Direkte en indirekte verbale teistering (Tabel 3, items 2 en 4; Tabel 4, items 2 en 3) is die mees algemene vorme van bullebakkery waaraan die respondente blootgestel is en wat deur hulle waargeneem en/of gehoor is. 'n Relatief groot persentasie respondente (46.40%) het byvoorbeeld weekliks gehoor hoe gemene dinge aan medeleerders gesê is en hoe hulle gespot en/of beledig is. 'n Interessante diskrepansie blyk uit die respondente se response ten opsigte van seksuele teistering. Meer as die helfte van die respondente (63.72%) het aangedui dat hulle nog nooit aan seksuele teistering blootgestel was nie (Tabel 3, item 3). Daarenteen het slegs 33.92% aangedui dat hulle nog nooit voorvalle van seksuele teistering waargeneem en/of gehoor het nie (Tabel 4, item 4).

Die plek waar die respondente die meeste weerloos teenoor bullebakke gestaan het, was taxi's. Hoewel slegs 108 van die 339 respondente aangetoon het dat hulle met 'n taxi skool toe en terug gependel het, het 29.64% van hierdie respondente taxi's as óf baie onveilig óf redelik onveilig met betrekking tot bullebakkery beleef. Die area op die skoolterrein waar die respondente die meeste aan bullebakkery blootgestel is, was die badkamers/toilette. Die area waar die meerderheid respondente geborge gevoel het, was hulle klaskamers — slegs 0.61% het aangetoon dat hulle "baie onveilig en bang" in hulle klaskamers gevoel het; 59.55% het aangetoon dat hulle "baie veilig" daar gevoel het.

Tabel 4: Wat respondente gesien en/of gehoor het met betrekking tot bullebakkery

| Item | RO | GG | Vrae | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 2 | 1 | 2.70 | Hoe gereeld het jy gehoor hoe leerders by die skool of op die bus/taxi deur medeleerders getreiter word deur gemene dinge oor hulle te sê, of hulle te spot of te beledig? | 81 | 23.89 | 77 | 22.71 | 82 | 24.19 | 61 | 18.0 | 38 | 11.21 |
| 3 | 2 | 3.02 | Hoe gereeld het jy gehoor hoe leerders by die skool of op die bus/taxi skinderpraatjies oor medeleerders versprei met die doel om hulle seer te maak? | 59 | 17.40 | 70 | 20.65 | 72 | 21.24 | 81 | 23.90 | 57 | 16.81 |
| 5 | 3 | 3.26 | Hoe gereeld het jy gehoor en/of gesien hoe leerders by die skool of op die bus/taxi medeleerders nie by hulle aktiwiteite betrek nie met die doel om hulle seer te maak? | 42 | 12.39 | 65 | 19.18 | 70 | 20.65 | 85 | 25.07 | 77 | 22.71 |
| 1 | 4 | 3.44 | Hoe gereeld het jy gesien hoe leerders by die skool of op die bus/taxi deur medeleerders te lyf gegaan word? | 36 | 10.62 | 47 | 13.87 | 67 | 19.76 | 109 | 32.15 | 80 | 23.60 |
| 4 | 5 | 3.50 | Hoe gereeld het jy gehoor hoe leerders seksuele aanmerkings oor medeleerders maak met die doel om hulle seer te maak? | 39 | 11.50 | 60 | 17.70 | 49 | 14.46 | 76 | 22.42 | 115 | 33.92 |
| Gem | | 3.18 | | | | | | | | | | | |

RO = Rangorde; GG = Gemiddelde gradering
1 = Elke dag; 2 = Een of twee keer per week; 3 = Een of twee keer per maand; 4 = Een of twee keer per jaar; 5 = Nooit.

Tabel 5: Respondente se persepsies oor hoe veilig hulle voel in sekere areas van die skool en op pad van en na hulle onderskeie skole toe

| RO | GG | Hoe veilig jy voel ... | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | %* |
| 1 | 3.54 | In die taxi (op pad skool toe en terug) | 13 | 12.04 | 19 | 17.60 | 16 | 14.81 | 17 | 15.74 | 43 | 39.81 | 231 | |
| 2 | 4.01 | In die badkamer/ toilette | 16 | 5.11 | 26 | 8.31 | 44 | 14.06 | 80 | 25.56 | 147 | 46.96 | 26 | |
| 3 | 4.05 | Op pad skool toe en terug (huis toe) | 16 | 5.00 | 24 | 7.50 | 41 | 12.81 | 87 | 27.19 | 152 | 47.50 | 19 | |
| 4 | 4.19 | Op die skoolgrond | 8 | 2.45 | 19 | 5.83 | 37 | 11.35 | 102 | 31.29 | 160 | 49.08 | 13 | |
| 5 | 4.21 | In die kafeteria/ snoepwinkel | 6 | 1.92 | 23 | 7.35 | 39 | 12.46 | 76 | 24.28 | 169 | 53.99 | 26 | |
| 6 | 4.23 | In die skoolbus | 3 | 1.65 | 18 | 9.89 | 17 | 9.34 | 41 | 22.53 | 103 | 56.59 | 157 | |
| 7 | 4.33 | In die gange | 6 | 1.94 | 16 | 5.18 | 31 | 10.03 | 72 | 23.30 | 184 | 59.55 | 30 | |
| 8 | 4.56 | In my klaskamer | 2 | 0.61 | 11 | 3.35 | 16 | 4.88 | 72 | 21.95 | 227 | 69.21 | 11 | |
| Gem | 4.14 | | | | | | | | | | | | | |

RO = Rangorde; GG = Gemiddelde gradering (response tot kategorie 6 [nie van toepassing] is geïgnoreer; * Response tot kategorie 6 (nie van toepassing nie) is buite rekening gelaat by die bepaling van persentasies.
1. Baie onveilig en bang; 2 = Redelik onveilig; 3 = So-so; 4 = Redelik veilig; 5 = Baie veilig; 6 = Nie van toepassing nie.

Tabel 6, wat respondente se persepsies weergee op die vraag of bullebakkery 'n probleem is al dan nie, kan as 'n opsomming van Tabelle 3, 4 en 5 gesien word.

Tabel 6: Die respondente se persepsies of bullebakkery 'n probleem al dan nie by hulle onderskeie skole is

| | N | % |
|---|---|---|
| 'n Baie groot probleem | 44 | 12.98 |
| 'n Groot probleem | 63 | 18.58 |
| 'n Effense probleem | 177 | 52.21 |
| Glad nie 'n probleem nie | 55 | 16.22 |
| Totaal | 339 | 100 |

Slegs 16.22% van die respondente het aangetoon dat bullebakkery glad nie 'n probleem by hulle onderskeie skole was nie. Die persepsie word by implikasie deur gegewens in tabelle 3 en 4 bevestig. Slegs 32.15% van die respondente het byvoorbeeld aangedui dat hulle nog nooit die slagoffers van indirekte verbale bullebakkery was nie (Tabel 3, item 4). Voorts was 88.79% van die respondente al binne hoorafstand as van hulle medeleerders aan direkte verbale bullebakkery blootgestel is (Tabel 4, item 2).

Tabel 7 gee 'n opsomming van respondente se voorstelle oor hoe skole bullebakkery moet teenwerk.

Tabel 7: Respondente se strategieë vir die voorkoming van bullebakkery

| Item | RO | | F | %* |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | Bullebakke moet gestraf word | 152 | 54.87 |
| 2 | 2 | Leerders moet aangemoedig word om voorvalle van bullebakkery wat hulle gehoor en/of gesien het, te rapporteer | 27 | 9.74 |
| 3 | 3 | Slagoffers moet aangemoedig word om iemand in hulle vertroue te neem indien hulle afgeknou word | 24 | 8.66 |
| 4 | 4 | Opvoeders moet gereeld terreindiens doen | 20 | 7.22 |
| 5 | 5 | Leerderraadslede en klaskapteine moet streng dissipline handhaaf | 17 | 6.14 |
| 6 | 6 | Leerders moet saamstaan teen bullebakke | 16 | 5.78 |
| 7 | 6 | Skoolreëls moet bullebakkery verbied | 16 | 1.73 |
| 8 | 6 | Herstel van waardes | 16 | 1.73 |
| 9 | 9 | Opvoeders en/of skoolhoof moet met bullebakke in gesprek tree | 15 | 5.42 |
| 10 | 10 | Bullebakke moet professionele/sielkundige hulp kry | 11 | 3.97 |
| 11 | 10 | Bullebakke se ouers moet ingelig word oor hulle kinders se oortredings | 11 | 3.97 |
| 12 | 10 | Opvoedkundige praatjies | 11 | 3.97 |
| 13 | 13 | Opvoeders moet streng dissipline handhaaf | 5 | 1.81 |
| 14 | 13 | Ernstige gevalle van bullebakkery moet aan die polisie gerapporteer word | 5 | 1.81 |
| 15 | 15 | Rasseskeiding | 4 | 1.44 |
| 16 | 16 | Ouers moet streng dissipline handhaaf | 3 | 1.08 |
| 17 | 17 | Positiewe samewerking tussen skool en polisie | 1 | 0.36 |
| | | Totaal | 354 | |

* Persentasie van die respondente wat voorkomingstrategieë aan die hand gedoen het (N = 277)

Uit Tabel 7 blyk dit dat die volgende oorkoepelende strategieë geïdentifiseer kan word: handhawing van dissipline (items 1, 4, 5, 7, 9, 13 en 16); 'n bewustheid van die aard en omvang van die probleem (items 2, 3 en 11); die vestiging van 'n omgeekultuur (items 2, 6 en

8); ouerbetrokkenheid (items 11 en 16); opvoederbetrokkenheid (items 4, 9 en 13); leerderbetrokkenheid (items 2, 5 en 6) en polisiebetrokkenheid (items 14 en 17). Enkele respondente was van mening dat terapeutiese intervensie en opvoedkundige gesprekke tot die voorkoming van bullebakkery kon lei (items 10 en 12). Respondente het 'n hoë prioriteit op die handhawing van dissipline deur opvoeders, klaskapteine en ouers (4de, 5de, 9de, 13de en 16de in rangorde) en die dissiplinering (1ste in rangorde) van bullebakke geplaas. Voorts het 16 respondente genoem dat skoolreëls bullebakkery moes verbied. Verskeie van die respondente wat aangedui het dat bullebakke gestraf moes word (item 1), het die wyse van straftoediening gespesifiseer. Hulle response word in Tabel 8 weergegee.

Tabel 8: Wyses waarop bullebakke volgens respondente gestraf behoort te word

| RO | Tipe straf | F | % |
|---|---|---|---|
| 1 | Skorsing | 58 | 38.16 |
| 2 | Ongespesifiseerd ("streng optrede") | 42 | 27.63 |
| 3 | Uitsetting | 21 | 13.82 |
| 4 | Lyfstraf | 13 | 8.55 |
| 5 | Detensie | 10 | 6.58 |
| 6 | Puntestelsel | 4 | 2.63 |
| 7 | Gemeenskapsdiens (bv. was van vensters) | 3 | 1.97 |
| 8 | Tronkstraf | 1 | 0.66 |
| | Totaal | 152 | 100 |

Uit van die strawwe wat deur die respondente aan die hand gedoen is, blyk hulle afkeer van bullebakkery. Die meerderheid van die 152 respondente was ten gunste van swaar strawwe: skorsing, uitsetting, lyfstraf, "streng optrede" en selfs tronkstraf. Slegs enkele respondente het ligte strawwe soos detensie, puntestelsel en gemeenskapsdiens aan die hand gedoen.

## 5.5 Bespreking

Bullebakkery moet nie as 'n integrale deel van die grootwordproses gesien word nie. Dit maak nie net inbreuk op die kind se menswaardigheid nie, maar het ook negatiewe fisieke, emosionele, sosiale en opvoedkundige gevolge. 'n Belangrike voorvereiste vir die daarstelling van 'n skoolmilieu vry van bullebakkery is 'n bewustheid van die aard en omvang van bullebakkery. Uit die ondersoek blyk dit dat weinig van die respondente nog nie persoonlik en/of as getuies aan direkte en/of indirekte verbale bullebakkery blootgestel was nie (Tabel 3, items 2 en 4; Tabel 4, items 2 en 3). Die erns van die bullebakprobleem in die geselekteerde skole word geïllustreer deur die feit dat slegs 23.6% van die respondente nog nooit insidente van fisieke bullebakkery gesien het nie (Tabel 4, item 1). Bullebakkery is dus 'n gegewe in die meerderheid Vrystaatse skole wat aan die navorsingsprojek deelgeneem het. Alles moet daarom in die stryd gewerp word om hierdie euwel uit dié skole te weer.

Respondente se strategieë vir die voorkoming van bullebakkery Tabel 7) reflekteer elemente van Olweus se antibullebakprogram (Tabel 1). Tabel 9 bied 'n naasmekaarstelling van elemente van Olweus se antibullebakprogram en respondente se voorkomingstrategieë.

Tabel 9: Naasmekaarstelling van elemente van Olweus se anti-bullebakprogram en respondente se voorkomingstrategieë

| Elemente van Olweus se antibullebak-program | Respondente se voorkomingstrategieë |
|---|---|
| Algemene voorvereistes | |
| Bewustheid en betrokkenheid van volwassenes | Leerders moet aangemoedig word om voorvalle van bullebakkery wat hulle gehoor en/of gesien het, te rapporteer |
| Maatreëls in breë skoolverband | |
| Opnames deur middel van vraelyste | - |
| Skoolkonferensies oor bullebakkery | Opvoedkundige praatjies |
| Effektiewe toesig gedurende pouses | Opvoeders moet gereeld terreindiens doen |
| Vorming van samewerkingsgroepe | Leerders moet saamstaan teen bullebakke |
| Samesprekings tussen ouers en opvoeders | Bullebakke se ouers moet ingelig word oor hulle kinders se oortredings |
| Maatreëls in klasverband | |
| Klasreëls wat bullebakkery verbied | Leerderraadslede en klaskapteine moet streng dissipline handhaaf<br>Opvoeders moet streng dissipline handhaaf |
| Gereelde samesprekings tussen klasopvoeders en leerders | Leerders moet aangemoedig word om voorvalle van bullebakkery wat hulle gehoor en/of gesien het, te rapporteer |
| Samesprekings tussen klasopvoeders en ouers | Bullebakke se ouers moet ingelig word oor hulle kinders se oortredings |
| Maatreëls op individuele vlak | |
| Ernstige gesprekke met bullebakke en slagoffers | Slagoffers moet aangemoedig word om iemand in hulle vertroue te neem indien hulle afgeknou word<br>Opvoeders en/of skoolhoof moet met bullebakke in gesprek tree<br>Bullebakke moet gestraf word<br>Bullebakke moet professionele/sielkundige hulp kry |
| Ernstige gesprekke met ouers van bullebakke en slagoffers | Ouers moet streng dissipline handhaaf<br>Bullebakke se ouers moet ingelig word oor hulle kinders se oortredings |
| Inisiatiewe van ouers en opvoeders in die stryd teen bullebakkery | |

| Elemente van Olweus se antibullebak-program | Respondente se voorkomingstrategieë |
|---|---|
| Maatreëls nie deur Olweus nie, maar slegs deur respondente genoem | |
| - | Ernstige gevalle van bullebakkery moet aan die polisie gerapporteer word |
| - | Rasseskeiding |
| - | Positiewe samewerking tussen skool en polisie |
| - | Herstel van waardes |

Daar is 'n basiese bewustheid by van die leerders wat aan die navorsingsprojek deelgeneem het van dit wat gedoen behoort te word om bullebakkery by skole te voorkom. Dit is belangrik dat hierdie bewustheid moet kulmineer in die aanvaarding van antibullebakprogramme deur Vrystaatse skole. Volwassenes behoort die inisiatief te neem met betrekking tot óf die ontwerp van 'n antibullebakprogram óf in die aanpassing van 'n reeds bestaande antibullebakprogram (sodat dit aan die unieke behoefte van 'n individulele skool sal voldoen). Uit die evaluering van verskeie antibullebakprogramme in die VSA, Engeland, Duitsland en Noorweë blyk dit dat van dié programme tot 'n merkbare afname in bullebakkery gelei het (Olweus *et al* 1999: 10). Die tyd is dus ryp dat Vrystaatse skole óf bestaande óf aangepaste óf selfontwerpte antibullebakprogramme moet implementeer.

Uit Tabel 8 blyk dit dat die respondente ten gunste van 'n ongenaakbare houding teenoor bullebakke is. Die meerderheid van die respondente wat aangedui het dat bullebakke gestraf moet word, is ten gunste van óf die tydelike óf die permanente verwydering van bullebakke uit die skool (51.97%) (Tabel 8). Dié aanbeveling is in lyn met die bepalings van die *Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting of a code of conduct for learners* (RSA 1998: 11, 14). Volgens dié riglyne is bullebakkery een van die leerderoortredings wat tot tydelike skorsing kan lei. In Suid-Afrika mag leerders slegs na 'n regverdige verhoor vir hoogstens 'n week deur die beheerliggaam van 'n openbare skool geskors word. 'n Leerder wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind is, mag slegs deur die Departementshoof uit 'n openbare skool gesit word (RSA 1996: artikel 9). Squelch (2000: 3) wys daarop dat skoolpligtige leerders (7-15-jariges) die reg tot onderwys het. Uitsetting

beteken dus nie dat die leerder verhoed mag word om (by 'n ander skool) sy/haar skoolloopbaan voort te sit nie. Ernstige wangedrag, wat ook erge bullebakkery kan insluit, kan tot die permanente uitsetting van 'n leerder lei (RSA 1996: artikel 9). Die ongenaakbare houding van respondente teenoor bullebakke word voorts geïllustreer deur die feit dat 13 (8.55%) van hulle, ten spyte van die feit dat artikel 10 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (RSA 1996) lyfstraf verbied, ten gunste van die toepassing van lyfstraf vir bullebakke is.

Uit Tabelle 8 en 9 blyk dit dat opvoeders 'n besonder belangrike rol te vervul het in die voorkoming van bullebakkery. Dit is dus kommerwekkend dat die plek waar Vrystaatse leerders die meeste weerloos teenoor bullebakke staan, buite die direkte invloedsfeer van opvoeders val (Tabel 5). Vrystaatse leerders wat van taxi's gebruik maak om skool toe te pendel, is blootgestel aan relatief hoë vlakke van bullebakkery. Leerders in Amerika is ook redelik gereeld die slagoffers van bullebakke in hulle daaglikse pendeltogte (Noll 2002: 4). Volgens die outeur het die slagoffer drie opsies: hy/sy kan die bullebak óf verbaal konfronteer óf ignoreer óf vermy. Hierdie opsies moet in genoemde volgorde uitgevoer word — behalwe as die bullebak gewelddadig is. In laasgenoemde geval is volwassene-intervensie noodsaaklik.

Ten spyte van die feit dat die literatuur en respondente klem plaas op die rol wat volwassenes in die voorkoming van bullebakkery behoort te speel, is slagoffers volgens Banks (1997: 3) dikwels van mening dat volwassene-intervensie oneffektief en ongereeld is, asook dat dit erge teistering tot gevolg kan hê. Dié klag dat opvoeders nie hulle *in loco parentis*-verantwoordelikheid nakom nie, word bevestig deur 'n ondersoek deur Bully B'ware (2004: 7). Uit dié ondersoek blyk dit dat slegs 25% van leerders wat aan insidente van bullebakkery blootgestel was, gerapporteer het dat opvoeders ingegryp het en gepoog het om die bullebakkery stop te sit.

'n Klein persentasie van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, het aanbeveel dat ernstige gevalle van bullebakkery aan die polisie gerapporteer moet word (Tabel 7, item 14). Bullebakkery as sodanig is egter nie 'n strafregtelike oortreding nie (Snyman 1999: 305-6). Jones (1991: 16) beskryf die verhouding tussen die bullebak en sy/haar slagoffer soos volg:

> The bully is someone who is responsible for premeditated, continuous, malicious and belittling tyranny. The victim is on the receiving end, repeatedly, defenselessly and typically without a champion.

Só 'n wanverhouding kan in sy ergste vorms tot die volgende misdade lei: moord of manslag, selfmoord, ernstige aanranding, diefstal, ontvoering, seksuele misdade en diefstal. Die volgehoue intimidasie van slagoffers kan selfs daartoe lei dat die slagoffers misdade pleeg (Benn 1991: 128). Skool-polisiesamewerking kan dus, soos deur een van die respondent aanbeveel is (Tabel 7, item 17), as 'n voorkomingstrategie beskou word in gevalle van erge bullebakkery.

'n Groot verskeidenheid rolspelers — ouers, opvoeders, leerders, terapeute, en wetstoepassers — behoort dus 'n rol in die stryd teen bullebakkery te speel.

## 6. Gevolgtrekking

Bullebakkery is 'n traumatiese ervaring vir slagoffers, toeskouers en toehoorders. Dit is dus onverskoonbaar om die sistematiese viktimisasie van kinders as deel van die grootwordproses af te maak. Opvoeders behoort in samewerking met ouers daarna te streef om 'n skoolmilieu wat gekenmerk word deur geborgenheid en opregte belangstelling, te skep. Skole behoort onomwonde standpunt teen bullebakkery in te neem en ongenaakbaar teenoor die bullebakke op te tree. Voorts behoort opvoeders deur die uitlewing van positiewe waardes en die nakoming van hulle *in loco parentis*-verantwoordelikheid leerders onder hulle sorg teen viktimisasie te beskerm. Opvoeders benodig egter die samewerking van leerders, wat hulle oë en ore op voetsoolvlak behoort te wees, in die stryd teen bullebakkery. Dit is wenslik dat genoemde rolspelers se hande deur die onderwysowerhede op provinsiale en nasionale vlak gesterk word.

# Bibliografie

ALPHONSO C
2000. Bullies push their victims to suicide. *The Globe and Mail* 27 November. <http://fact.on.ca/news/news0011/gm001127.htm>

BANKS R
1997. What should parents and teachers know about bullying? *Focus Adolescent Services*. <http://www.focusas.com/Bullying.html>

BENN A
1991. The law. Elliot (ed) 1991: 127-32.

BESAG V
1991. Parents and teachers working together. Elliot (ed) 1991: 103-11.

BEZUIDENHOUT C & S JOUBERT (eds)
2003. *Child and youth misbehaviour in South Africa. A holistic view*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

BEZUIDENHOUT M A
2002. Sticks and stones? But words can change the story. The narrative approach as an intervention tool for bullying in a primary school. Unpubl MEd script. Johannesburg: University of the Witwatersrand.

BOOYSENS K
2003. The nature and extent of child and youth misbehaviour in South Africa. Bezuidenhout & Joubert (eds) 2003: 23-50.

BULLY B'WARE
2004. More information on bullying. *Bully B'ware*. <http://www.bullybeware.com/moreinfo.html>

COLLINS K, G MCALEAVY & G ADAMSON
2004. Bullying in schools: a Northern Ireland study. *Educational Research* 46(1): 55-71.

DEHAAN L
1997. *Bullies*. National Dakota State University Agriculture and University Extension. <http://www.ext nodak.edu/extpubs/yf/famsci/ fs570w.htm>

ELLIOT E (ed)
1991. *Bullying*. Essex: Longman.

GORDON S
2003. Bullies rule the school. *Health on the Net Foundation*. <http://www.hon.ch/News/HSN/516374.html>

GUERIN S & E HENNESSY
1999. Developing a pupil-based anti-bullying programme for schools. Poster presented at the British Pschcological Society Developmental Section Annual Conference, 6-9 September 1999. Department of Psychology, University of Nottingham.

JONES E
1991. Practical considerations in dealing with bullying — in secondary school. Elliot (ed) 1991: 15-28.

LIMPER R
1998. The only way to combat bullying is cooperation between all those involved in school. *The ERIC/CASS Bullying Library*. <http://ericcass.uncg.edu/virtuallib/bullying/1013.html>

MAEKOYA C & J P J DUSSICH
2003. Variables which may contribute to bullying behaviors. Unpubl paper presented at the eleventh International Symposium on Victimology in Stellenboch, University of Stellenbosch, 13-18 July 2003.

MELLOR A
1991. Helping victims. Elliot (ed) 1991: 90-102.

MORGAN J & L ZEDNER
1992. *Child victims*. Oxford: Clarendon Press.

NAOUM S G
2002. *Dissertation research and writing for construction students*. Oxford: Butterworth-Heinemann.

NESER J J, M OVENS, E VAN DER MERWE, R MORODI & A LADIKOS
2003. Peer victimization in schools: the victims. *Crime Research in South Africa* 5(1): 1-13. <http://www.crisa.org.za/>

NETSHITAHAME N E & W J VAN VOLLENHOVEN
2002. School safety in rural schools: Are schools as safe as we think they are? *South African Journal of Education* 22(4): 313-8.

NKOSI N P
2001. Perceptions of learners and educators on bullying and the implications of bullying for school discipline. Unpubl MEd mini-dissertation. Johannesburg: Rand Afrikaans University.

NOLL K
2002. Advice for parents & teachers. AOL. *Hometown*. <http://members.aol.com/_ht_kthynoll.htm?mtbrand-AOL_U>

OLWEUS D
1994. *Bullying at school. What we know and what we can do*. Oxford: Blackwell.

OLWEUS D, S LIMBER & S F MIHALIC
1999. *Blueprints for violence prevention. Book nine: bullying prevention program*. Boulder, CO: Center for the Study and Prevention of Violence.

RASSOOL M
2002. Stop the school bully! *The Southern Cross* 4 September: 1. <http://www.thesoutherncross.co.za/features/bully.htm>

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA (RSA)
1998. Guidelines for the consideration of governing bodies in adopting of a code of conduct for learners. *Government Gazette* 776, 15 May. Pretoria: Government Printer.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA)
1996. *Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996*. Pretoria: Staatsdrukker.

RIGBY K
1996. *Bullying in schools and what to do about it*. Melbourne: Australian Council for Educational Research.

ROLAND E
2002. Bulling, depressive symptoms and suicidal thoughts. *Educational Research* 44(1): 55-67.

SNYMAN C R
1999. *Strafreg*. 4de uitg. Durban: Butterworths.

STATE OF DELAWARE
[*s a*]. *Delaware Bullying Questionnaire*. The official website of the State of Delaware. Office of the Attorney General. <http://www.State.de.us/attgen/main_page/teachers/bullquesti.html>

STEPHENSON P & D SMITH
1991. Why some schools don't have bullies. Elliot (ed) 1991: 133-45.

STEVENS V, I DE BOURDEAUDHUIJ & P VAN OOST
2001. Anti-bullying interventions at school: aspects of programme adaptation and critical issues for further programme development. *Health Promotion International* 16(2): 155-67.

STIERHLER A
2002. Meisies deesdae die groot boelies. *Volksblad* 28 Oktober: 7.

SQUELCH J M
2000. *Discipline*. Pretoria: Centre for Education Law and Education Policy.

TREML J N
2001. Bullying as a social malady in contemporary Japan. *International Social Work* 44(1): 107-17.

VORSTER A C
2002. Bullying in South African schools: guidelines for developing an anti-bullying intervention programme. Unpubl MEd mini-dissertation. Johannesburg: Rand Afrikaans University.

ZEELIE D G
2002. Bully proofing your school — policy and programme formulation. Gauteng Department of Education. Proceedings of the Third Educationally Speaking Conference. Warmbaths, May 2002. Johannesburg: Gauteng Department of Education: 279-86.